

RUSTIG STAPROETES (Hekpoort)

8-10 Augustus 2015. (S25° 48' 46.1", E27° 38' 28.1")

Wilna Moolman, Jannes van Ryssen, Erika Barnard, Norma Grotius; Amelia & Carla Kuhn, Marius Stander; Erna Lubbinge & Elsabe Spies; Wouter, Renee & Tiffany Crous; Walter, Magda & Johan Rosemann, Verna Schutte; Danny & Bonny Steyn; Louis, Marietjie, Liam, Lindi & Marli Mitchell; Jan & Corrie du Preez; Graig & Marlene Murdock stap saam. (27 persone). Thomas, Hanli en Sonja ontmoet ons daar en stap ook saam asook Norma se familie.



Saterdagoggend laat arriveer almal op die gasteplaas na sowat 7km grondpad vanaf die afdraai vanaf die R560 naby Hekpoort, Gauteng, rofweg tussen Hartbeespoortdam en Magaliesburg. Die mooi versorgde tuine, witgeverfde gewelgeboue en groot blou swembad begroet ons. Ons parkeer 'n entjie weg van die akkomodasie. Die personeel is dadelik by om te help om almal se bagasie op te neem na ons kamers. Ons slaap in die stappers-dormetries, kamers 1 tot 4 (slaap 5,5,6,6) asook ou kliphuis(slaap2+4). Die Oosrandse stapklub (9 persone) is ook die naweek daar en betrek dorm's 5 en 6. Die 6 dorm's is deel van 'n baie netjiese dubbelverdieping geboutjie met 4 kamers bo en 2 onder asook die beknopte




kombuisie, darm met

'n redelike groot yskas. Die personeel bring ook vir ons 'n 2de yskas. 'n sak hout per kamer word voorsien vir Braai in die aande. Die puik ablusie geriewe is in 'n aparte geboutjies. Die manne het 4 storte en 4 privaat sitplekkies. Die dames het ook 'n bad.

Rustig sou kon beddegoed voorsien, maar ons het nie die opsie geneem nie.

Die middag stap ons die geel 3km Olienhout roete voor die Rugby. Gou raak almal gewoond om oor die heinings te klim met die stewige leertjies. Eers is die roetes ietwat verwarrend, want die Karee(oornagroete) het 'n dag 1 en 2, maar dan is daar die dag 1 dagstap (3km Olienhout) en dag 2 dagstap (5km Witstinkhout). Die Magalieskransroete wat tans onderhoud kort en nie aktief is nie, kruis ook ons paadjies 'n paar keer. Maar as mens eers die kleure en name verstaan werk alles goed. Oral is intresante en gepaste naambordjies ook op die roetes sodat mens jouself maklik ka orienteer op die kaart. Dit was 'n lekker middagstappe, ook nie so maklik nie, agv die terein wat plek-plek baie klipperig is en soms swaar op die voete is.



Maar tog mooi. As mens 'n keuse het, dalk die roete kom stap as dit bietjie gereen het, dan sal die veld ook baie mooier wees en van die lopies dalk loop.

Sondag 8:00 begin almal op die 13km groen Karee roete. In werklikheid die oornag rugsak roete via die Groendakhuis oornag akkomodasie. 9.5+3.5km. Ons voel almal braaf en sien kans vir volle 13km. (daar is wel 'n nood-roete so halfpad af, dan maak dit die 'sirkel' sowat 8km). Ons styg vinning, sowat 300m en dan nog die op-af-op, maak dit 'n kumulatiewe 'op' van ongeveer 900m oor die volle 13km. Op en op, deur 'n droë rivier lopies, en Styl deur 'n donga. Op en Op.



Dan die eerste groot opwinding is die baie stewige hout-bruggie om 'n kranse. Bo gekom is daar ietwat verwarring oor waarheen die paadjie gaan. Daar is dubbel pyle, wat blyk net na die uitkykpunt opsie gaan en min of weer terug na die 'Bomskuiling' of skansie op die koppie. Dan in die laagte, moet ons weer mooi kyk om links Af te gaan (by die 'Shelter Rock' bordjie, en dan weer af te draai op die groen 'Karee' roete wat ons eindelijk loop. Nou loop ons onder die kranse deur. 'n Heel ander lekker ervaring en ander tipe stap. Soms bietjie moeilik en ongemaklik oor die klippe, maar almal maak dit tot in die groot 'Nuwejaars grot' waar ons bietjie asemskep. 'n indrukwekkende groot 'oorhang' . Dan 'n entjie aan en dan nog 'n groot OP verby die klein maar diep en baie intresante 'Vlermuisgrot', nog 'n entjie op en dan is ons redelik bo. Daar is dan ook 'n opsie vir 'n 'Kranspad'(900m) wat sowat 1.1km korter is as die 'Platinum



view' opsie wat 'n 1.8km lus meer noord loop, maar definitief die moeite werd is vir mooi sandsteen vorms en uitsigte. Dit voel net soms dit hou nooit op nie, veral as die water hier



begin min raak, kan mens begin 'stres'. Verby 'n baie intresante 'dubbel' skans muur uit die Anglo boereoorlog. Ons loop onderdeur nog masiewe kranse en rots-mure deur. Definitief 'n roete met 'n lekker verskeidenheid op, gelyk, kranse en uitsigte. Nooit 'n vervelike oomlik nie. Oor nog leertjies en heinings. Deur die 'maanlandskap' met sy vreemde, dog indrukwekkende sandsteen formasies. Die 'Kranspad' sluit by die 'Platinum pad' en dan begin dit te daal. Einde niet. Nog af en Af. Die lywe en bene en voete begin dit nou voel. Dan is ons na 'n redelike moeilike sowat 9.5km by die groendakhuis. Ons maak waterbottels vol en rus 'n bietjie. Norma se familie slaap hier oor in die groot gerieflike huis met sy 2 slaapkamers en Battery/omsetter-krag en 2-plaat-gas stoof en yskas. 'n Lekker braaiplekkie ook buite. Die opsie is dan ook daar om jou bagsie (as jy hier oorslaap) te laat aanry teen 'n footjie.



Die groter deel van die groep neem nou die sowat 750m roete via die karpad na ons basiskamp. 'n Paar van ons stap die volle Dag2 van die Groen Karee oornagroete dan ook nou. Eers weer bietjie opdraand (Sien hoogte profiel), dan begin die daal, tot by die hoë, seker by die 4 meter leer bo-oor die heining in die wildskamp in, 'n draai geloop om die droë gronddam en mooi zebbras en swart (en rooi) rooibokke gesien. Dan weer oor die heining met nog 'n leer en dan 'n kort entjie deur wat so bietjie lyk soos die plaas se vulishoop, terug tot by die netjiese tuine van Rustig. 'n Uitdagende roete, maar baie mooi. Die sweet werd. Sondag aand en ons braai weer heerlik 'n vleisie onder die netjiese afdak voor die stappers-akkomodasie.



Maandagoggend (wat vakansiedag is, agv Sondag wat Vrouedag was), neem 'n hele paar mense die dag ook af as stappers en gaan of vroeg huis toe of eet eers ontbyt by die restaurant op die perseel voordat hul huiswaarts keer.

Ons heelwat kleiner groepie neem rondom 8h00 weer die hoed en waterbottel op en begin die rooi Witstinkhout roete wat so 5km lank is. Dalk het die lekker kuier van die vorige aand ook ietsie te doen met die kleiner stap-groepie vanoggend. Die bewyse was daar. Ons eerste entjie is weet dieselfde as van die vorige roetes, maar



ons verstaan nou al die bordjies. Volg net die rooi 'Witstinkhout' bordjies.

Die roete begin gelyk en begin dan geleidelik te styg. Ons sien intresante gedraaide takke en ligeen begroei klippe. Deur protea lanings, onder deur boomstompe, en party rus ook.

Dan deel ons weer 'n stukkie van die groen Karee roete onder die kranse deur. Die opsie



om weer na die Vlermuisgrot te gaan kyk is ook weer daar as jy nog nie dit op die vorige dan op die Karee roete gesien het nie mbv 'n kort op-kyk-en-af paadjie. Dan daal die paadjie.

Nou is die tyd om die laaste vergesigte oor die 'Hekpoort' valei in te neem, en die mooi 'op'-sigte met die kranse van die Magaliesberge agter ons. Ons was daar bo. Die laaste entjie af tot by die basiskamp met weer plek-plek redelik klipperige terein.



Heerlik gestort in die netjiese ablusie met genoeg warmwater. Die personeel staan gereed, maar tog op 'n afstand om ons bagasie weer af te neem na ons motors.

Om op te som. Puik akkomodasie. Lekker beddens. Luukse badkamers. Die kombuisie is baie klein. Die braaiarea is voldoende, selfs vir ons groot groep. Die roete is maar moeilik agv die kwaai styging en die klipperige paadjies, maar die mooi uitsigte maak daarvoor op. Die merkers is oor die algemeen baie goed en die paadjies duidelik oop. Daar moet net waar die paadjie bymekaarkom of skei mooi gekyk word. Die een groot onduidelikheid met die merkers was net met die groen Karee oornagstap, by die skans/bomskuiling as jy die eerste keer 'op' gaan, die paadjie rondom die uitkykpunt en dan tot by die 'Shelter rock' bordjie. Verder baie goed gemerk. Ek kom enigetyd weer, veral as die veld weer groener is en die stroompies dalk bietjie water in het.



Kontak : Rustig Staproetes en Sielerus. www.Rustig.co.za 079 490 2690. Epos: info@rustig.co.za

Finansies: Gelde inbetaal deur stappers: R8450
Gelde oorbetaal deur Nomades aan Rustig(26xR150x2nagte). R7800
6 sakke charcole en aanstekers: R191
Projek surplus: R459

Groete, Marius Stander
www.nomades.co.za MariusStanderPTA@gmail.com

